MentorVennoot osw
Jy staan nie alleen nie

Hoofstraat 206
Paarl
082 459 6316
info@mentorvennoot.co.za
NPO Reg nr 201-329

NUUSBRIEF

Maart/April 2020

1. **Inleiding**

   Mentorvennoot se programme vir 2020 het met heelwat vernuwing, prosedures, inligting en verwagtinge, spoedig begin.
   Ons het reeds aan die einde van 2019 die teikengroep van 42 skole gehad wat aan die Snapspel wou deelneem. Alhoewel meer skole belangstel kan ons hulle nie nou akkommodeer nie omdat ons tans slegs fondse vir 42 skole het - behalwe natuurlik as addisionele fondse bekom kan word soos wat twee skole wel gedoen het.
   Die kostes van een Snapspel beloop R 15 000

2. **Skole**

   Vanaf 1 Februarie tot 14 Maart het 6 skole die Snapspel gedoen, toe daag die Corona virus…… ..... op!
   Sodra die skole weer heropen sal alternatiewe datums en of metodes met skole wie se Snapspel aanbiedinge geraak is weens die sluiting, mee gekommunikeer word vir herskedulering.
   Die 6 skole reeds gedoen, is:
   - *Outeniqua*
   - *Nico Malan*
   - *Die Wilgers*
   - *Heuwelkruin*
   - *Hopetown*
   - *Orania*

     Die laaste twee skole van die Noord - Kaap was gekombineerd

3. **Ambassadeurs.**

   Een van die nuwe aspekte in ons programme is;
   Om leerders asook ouers as Ambassadeurs by skole wat die Snapspel gedoen het te vestig.
   Tydens elke Snapspel word `n Mentorvennoot Skole Ambassadeur aangewys. Die taak van `n Ambassadeur is om Mentorvennoot te verteenwoordig maar ook om die skool se potensiële Entrepreneurs en veral die skool se Entrepreneurklub te help organiseer en bestuur. Hulle kan/gaan ook die onderwysers se take verlig. Die Ambassadeurs kry elk `n kode wat as riglyn

dien en waarin hulle werk prosedures uiteen gesit is. Elkeen kry ook `n lapelwapen wat met die skool se toestemming gedra mag word.
Aan die begin van die jaar het drie van 2019 se Entrepreneur finaliste reeds aangebied om as Ambassadeurs op te tree. Ons gaan ook `n Ambassadeurskompetisie hê waarin toekennings aan die einde van die jaar aan drie Ambassadeurs gemaak gaan word.
Ons huidige Ambassadeurs is (die skole wat reeds Snapspel gedoen het asook die drie finaliste van 2019 wat hul dienste aangebied het naamlik, Melinda, El-Marie en Owen)

SKOLE AMBASSADEURS.

Melinda Groenewald. Fochville

El-Marie Wilken. Diamantveld- Kimberley

Owen Blauw. Oos-Moot - Pretoria

Olivia Boardman. Outeniqua - George

Vuyo Jansen. Nico Malan-Humansdorp

Salomé Lombard. Heuwelkruin-Pietersburg

David Naude. Die Wilgers - Pretoria

Key -Leigh de Beer. Orania Volkskool

Geordan Slater. Hopetown

++

4. **Mentorvennoot Verenigings(MVV)**
   Huidiglik het ons 4 Mentorvennoot Verenigings. Dameskring (Nasionale Afrikaanse Christen Vroue organisasie), gaan ons landwyd help met die stigting van Mentorvennoot Verenigings. Ons soek **kundige ooms en tannies** wat in dorpe is om hulle kennis, ervaring en raad met leerders te deel en help menteer.

5. **Vennote.**
   Die ondersteuning en rol van vennote is van kern belang om die leerders wat toekomstige entrepreneurs moet word, betekenisvol en deurlopend te help.
   Gesprekke, hulp en ondersteuning is reeds aan die gang met:
   - Afrikaanse Onderwysnetwerk. (Ons hoofborg)

- Dameskring
- Die Voortrekkers
- Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Afriforum
- Sakeliga
- Helpmekaarstudiefonds
- Jong Sakemanne en ander individue

6. **Mentorvennoot programme:**

Die volgende struktuur en diagram is `n uitbeelding ons programme.

MENTORVENNOOT
PROGRAMME EN STRUKTUUR

Doel en visie.

- *Om die jongmense van Suid – Afrika bewus te maak van entreprepreneuriese beginsels.*
- *Om hulle aan programme bloot te stel sodat hul entrepreneurskap potensiaal, vaardighede, kreatiewe idees en klein besighede ontwikkel kan word*
- *Die jongmense Entrepreneurskap as loopbaan kan kies en finansieël onafhanklik kan wees*
- *Om`n leerder asook `n ouer as Ambassadeur by elke skool te hê*

Programme bestaan uit 5 bene.

1. ***Snapspel:***

- *Dit is `n 6 ure spel om leerders (hoofsaaklik graad 10 en 11) blootstelling te gee aan `n interaktiewe leerervaring wat werklike besigheidsomstandighede simuleer.*
- Die Snapspel Kompetisie is 'n landwye uitklop kompetisie tussen al die skole wat deelneem.
- Die drie top skole neem aan `n finaal deel waar die Kampioenskool van S.A tydens `n finaal in Kaapstad bepaal word.

2. ***Entrepreneurkompetisie***

- *Leerders wat hul sukses stories van hulle eie besighede en kreatiewe idees landwyd met mekaar op kompetisie basis deel*
- Die Entrepreneurskompetisie is ‘n nasionale kompetisie en vind in drie kategorië plaas.
  - Entrepreneur van die jaar

- Opkomende Entrepreneur van die jaar
- Gemeenskapsdiens Entrepreneur van die jaar

- Die finaal vind ook in Kaapstad plaas waar die wenners aangewys word.

3. *Etrepreneurklubs(Trepklubs):*

- *Skole se entrepreneurklubs help en vestig waar die leerders hulle kreatiewe en entrepreneurvaardighede prakties kan beoefen, ontwikkel en uitleef.*
- *Ons nuwe toevoeging is die rol wat `n **Ambassadeur** hier gaan speel.*

4. *Mentorvennoot Verenigings*

In elke skoolgemeenskap/dorp `n Vereniging te hê wat bestaan uit kundiges, sakemanne en ander toepaslike persone wat die potensiële entrepreneurs kan mentor en begelei.
*Die ouer wat as **Ambassadeur** funksioneer, speel ook hier `n betekenis volle rol.*

5. *Onderwysersforum*

- *Onderwysers wat by Entrepreneurskap betrokke is, `n platform te bied waar hulle met mekaar kan kommunikeer oor gemeenskaplike en ander verwante entrepreneuriese sake*

Kontak besonderhede:

- info@mentorvennoot.co.za:
- Besoek ons webwerf :www.mentorvennoot.co.za

7. **Aktuele sake:**
   - Ons ondersoek tans `n aanlynkursus vir Entrepreneurs wat leerders kan gebruik vir ontwikkeling. Sodra inligting beskikbaar is deel ons dit spoedig met almal.
   - Gesprekke om ook 40 skole in die Kaapse Metropool te doen is nog met die Burgemeester en van sy komiteelede in proses en in afwagting
   - Ons is geregistreer by SARS om 18A kwitansies uit te reik aan donateurs vir hul belasting voordele. Bankbesonderhede onder. Kontak ons gerus vir besonderhede

8. Lewensgebeure en ervaringe

Die huidige situasie van wêreldgebeure is op elkeen se voorstoep en gedagtes. Die realiteit van veranderinge bring by elkeen die vermoë van aanpassing en nuwe lewenservaringe. Wat tans met die corona virus in ons land en in die wêreld gebeur, sal sekerlik ook ons almal se leefwyses op verskillende maniere raak, veral ons totale menswees van; liggaam, siel en gees. Dit is voorwaar `n baie interressante tyd wat nuwe verwikkelinge, verhoudinge, verwagtinge en prioriteite van lewensingesteldheid en waardes gaan bring.
Ons wil net baie sterkte toewens aan elke leerder, elke ouer en elke onderwyser met die uitdagings wat op hande is.

Die Here se Seën vir julle.

Entrepreneurskap raak `n al groter realiteit

Jy staan nie alleen nie

++

Mentorvennoot. Bankbesonderhede

- Mentorvennoot NPO
- Besigheids tjekrekening
- Nedbank Paarl
- Takkode: 101 91000
- Rekeningnommer: 115 368 2850

++

Kobus van den Bergh
Besturende Direkteur
info@mentorvennoot.co.za
www.mentorvennoot.co.za